

# Die vader-seun-verhouding binne 'n postkoloniale konteks: *Indische duinen* (1994) van Adriaan van Dis

Gijs Dubbeld en Andries Visagie

## Abstract

*This article is a study of the relationship between father and son in the novel Indische duinen (1994) by Adriaan van Dis (translated in 1996 into English as My Father's War) within the context of postwar and postcolonial Dutch society. It relates the process by which an adult son, 36 years after the death of his father, Justin, comes to terms with the memory of a man whom he has always seen as unreasonably strict and even cruel. During this process the son discovers the effects of colonialism in the Dutch East Indies (subsequently Indonesia) and the rapid decolonisation and repatriation to the Netherlands upon his father. For Justin the latter experiences amount to what Kaja Silverman (1992: 55) refers to as "historical trauma". The experiences that shaped Justin and influenced his behaviour towards his son are linked to what Paul Ricoeur (1992: 12) would refer to as Justin's "narrative identity" and his sense of masculinity (Connell, 1995: 77-81) which have both been marginalised within the dominant fiction of the postcolonial society in which he lived. As the son discovers the father through a process of retelling both his father's story and the story of their relationship, he is able to gain a sense of understanding and closure.*

Nederlandse skrywers met 'n Nederlands-Indiese familiegeskiedenis soos Adriaan van Dis bied in hulle werk boeiende ondersoeke na die dikwels ontwrigtende invloede wat families binne die koloniale en postkoloniale konteks moes verwerk. Die familie is nie 'n sosiale eenheid wat in isolasie van die breër samelewing bestaan nie. As 'n historiese instelling met 'n diversiteit van kulturele verskyningsvorme het dit uiteeraard 'n bepalende invloed op die ontwikkeling van die koloniale en postkoloniale samelewings gehad. Van Dis se werk is dan ook 'n genuanseerde representasie van die familie binne die postkoloniale konteks: hy gee erkenning aan die verwikkelde betrokkenheid van die familie by die sosiale vormgewing van die koloniale en postkoloniale samelewings.

In 'n roman soos *Indische duinen* (Van Dis, 1994) staan die familieverbandings sentraal en dit is die vader wat as familiële gesagsfiguur in 'n bepaalde verhouding geplaas word met die groter gesagstrukture van die maatskappy. Die eweredigheid van die verhouding tussen vaderlike gesag en owerheidsgesag hang af van die status van die vader binne die rasse- en sosiopolitieke hiërargieë van die (post)koloniale bestel. *Indische duinen* van Adriaan van Dis gaan oor 'n proses van

herontdekking van 'n voorheen doelbewus vergete en gehate vaderfiguur. Die verteller, die kind van 'n man wat gerepatrieer is uit die voormalige Nederlands-Indië, verbind sy vader, Justin, hoofsaaklik met heftige en soms uiters irrasionele en wrede gedrag.

Binne die gesin was die verteller (wat naamloos bly), as enigste Nederlandsgebore kind 'n buitestander wat uitgesluit is van die ander se *Indische* ervaringe, dit wil sê hulle ervaring van Nederlands-Indië wat tans as die soewereine staat Indonesië bekend staan. In sy volwasse lewe het die verteller probeer om sy *Indische* vader en sy *Indische* gesin te vergeet. Op enigiets wat hom aan sy vader en sy *Indische* gesin herinner, reageer hy irrasioneel, heftig en selfs vyandig.

Die dood van die verteller se middelste halfsuster, Ada, bring die herinneringe aan sy vader terug. Hy ondergaan 'n proses van herontdekking waarin dit duidelik word dat die gedrag van die vader nie bloot 'n geval van doelbewuste onredelikheid, strengheid en vernedering was nie. Naas die problematiese posisie van die vader binne die gesin en binne die Nederlandse gemeenskap is daar die koloniale waardes en die uiters pynlike ervaringe van die vader in die gesin waarin hy grootgeword het, in die koloniale leer en in die Japannese krygsgevangenekampe. Die koue oorlog gedurende die vyftigerjare van die twintigste eeu speel ook 'n rol. Die verhouding tussen vader en seun blyk nou verbonde te wees aan die politieke en sosiale omstandighede, agtergrond en norme van die gemeenskap.

## **Vaders en seuns binne die kompleks van psigoanalitiese, ideologiese en narratiewe teorieë**

*Indische duinen* is ooglopend dankbare stof vir 'n toegespitste Freudiaanse analise. Sowel by die seun as by die vader is daar 'n stryd om 'n eie, onafhanklike bemagtigende identiteit; mislukte identifikasies met moederfigure; regressie as gevolg van mislukte identifikasies met vader- en ander magsfigure en die ang van manlike magsverlies wat Freud (1991: 221-225 en 315-322) as “kastrasie-angs” beskryf. Sowel die vader as die seun ondergaan 'n proses van simboliese kastrasie. Die koloniale en postkoloniale agtergrond en omstandighede van die karakters is egter ook bepalend in hulle latere ontwikkeling. Hulle probleme kom voort uit die vertelde werklikhede van sowel die vader as die seun en die heersende ideologieë van die gemeenskap waarbinne hulle moes leef en grootword. Dit lê daarom voor die hand om in hierdie beskouing van Van Dis se roman nie bloot te volstaan met 'n psigoanalitiese interpretasie nie, maar om ook verwante insigte vanuit die ideologiese literatuurteorieë en die narratiewe teorievorming sedert Ricoeur (1990 en 1992) te betrek.

Paul Ricoeur se narratiewe teorieë is voorafgegaan deur die werk van Louis Althusser (1971) en Jacques Lacan (1977) wat die psigoanalitiese teorieë van Freud losgemaak het van rigiede onveranderlike patrone, vasgestelde innerlike waarhede of biologiese determinisme. Hulle plaas die identiteit van die mens, sy sin van self-wees, binne die raamwerk van die vertelde werklikheid van die taal. Jonathan Rutherford (1992: 29) stel dit as volg: “the subject is constituted in language, reversing the common idea that language and hence meaning derive from some inner realm of being”. Met erkenning aan Althusser ontgin Kaja Silverman (1992) in haar hoofsaaklik psigoanalitiese werk verder die ideologiese bepaaldheid van taal. Sy bied ’n geïntegreerde teoretiese raamwerk vir ondersoeke na literêre representasies van die vader-seun-verhouding wat ’n benadering vereis wat op die snypunt van die psigologie, die geskiedenis en die vertelkunde staan.

Volgens Ricoeur (1990: 158) is die gebruik van taal die sleutel tot betekenis in die lewe: betekenis kom uit vertelling. In *Indische duinen* is daar aan die begin van die boek by die verteller ’n onvermoë om sin te vind in sy lewe, hy is nie behoorlik in staat om te praat of te dink oor sy eie verlede nie (132, 133). Sonder die vermoë om ’n verhaal te vertel, sonder die skepping van ’n “narratiewe identiteit”, kan daar geen betekenis aan die lewe geheg word nie en kan pyn en traumas in die lewe nie verwerk word nie. Willie Burger (2003: 161), in aansluiting by Ricoeur, verklaar dat “[o]m te verstaan wie ons is, [dit noodsaaklik is] om in staat daartoe te wees om ons stories te volg”.

Ter wille van ’n sinvolle bestaan is dit verder noodsaaklik dat hierdie persoonlike narratiewe identiteit moet inskakel by wat Kaja Silverman (1992: 35; 54) die “dominante fiksie” noem. Silverman (1992: 35; 54) verklaar die dominante fiksie as die representasiesistiem wat die volledige register van ’n kultuur se beelde, klanke en narratiewe uitinge behels waardeur die mens as normatiewe subjek psigies versoen word met die heersende orde.

Die persoonlike en verhoudingsprobleme in *Indische duinen* kom voort uit die feit dat die verhaal wat die vader oor homself vertel, sy persoonlike narratiewe identiteit, nie inskakel by die dominante fiksie van die gemeenskap waarin hy lewe nie. Die seun staan sterk onder die invloed van die vader, maar die vader se narratiewe identiteit kan aan die seun nie ’n verhaal bied waardeur hy by sy omgewing kan inskakel nie. Vir die jong seun is dit dus moeilik om ’n omvattende narratiewe identiteit vir homself te skep.

Die roman handel in die eerste plek oor die proses wat die seun as volwasse verteller ondergaan om, in terme van die begrippe soos beskryf deur Paul Ricoeur (1990: 158), deur vertelling die wêreld te ontdek (“discover”) en te verdig (“invent”) sodat hy, deur ’n proses van herskepping en hervertelling van sowel sy eie as sy vader se verhale, ’n samehangende narratiewe identiteit vir homself en sy vader kan skep binne die dominante fiksie van die gemeenskap waarin hy leef.

Die hervertelling deur die seun in *Indische duinen* bring hom tot die besef tot watter mate sy vader, Justin 2 (die moeder se eerste man staan bekend as Justin 1), se persoonlike narratiewe identiteit nie aansluiting kon vind by die dominante fiksie van die naoorlogse, postkoloniale Nederland nie. Justin 2 kon nie 'n veilige, bemagtigende posisie binne die gemeenskap verkry nie en was ook nie in staat om die pyn en verlies wat deel was van die angs en magteloosheid waarmee hy gekonfronteer is, te besweer nie. In plaas daarvan put hy sy simboliese betekenis uit 'n gewese dominante fiksie, wat vroeër die basis was van die Nederlandse koloniale gemeenskap waarin hy geleef het. Hierdie voorheen dominante fiksie het tot doel gehad om die koloniale maatskaplike bestel te handhaaf en daarbinne kon Justin 2 aanvanklik 'n redelike veilige en bemagtigende rol vir homself skep. Weens die krag van die verhouding tussen die dominante fiksie en persoonlike narratiewe identiteit, doen die individu (in hierdie geval Justin 2) alles in sy vermoë om so 'n gewese dominante fiksie te probeer bewaar, te beskerm en aan sy seun oor te dra. Dit lei verder daartoe dat hy diegene wat nie deel van hierdie gewese dominante fiksie is nie as die vreemde, dreigende en vyandige Ander sien en hierdie siening aan sy seun probeer oordra. Vir die vader in *Indische duinen* is 'n groot deel van die naoorlogse Nederland deel van die dreigende Ander. Onder hierdie omstandighede is dit vir die seun moeilik om nie vervreemd te raak van sowel sy vader as die gemeenskap nie.

By Justin 2 kry ons 'n duidelike voorbeeld van wat Silverman (1992: 55) historiese trauma noem. Historiese trauma vind plaas wanneer 'n dominante fiksie deur historiese gebeurtenisse ondermyn word en diegene vir wie hierdie voorheen dominante fiksie sin en betekenis in die lewe gegee het simbolies ontmagtig word. By hierdie persone ontstaan daar 'n breuk tussen hulle persoonlike narratiewe identiteit en die nuwe opkomende dominante fiksie. In *Indische duinen* kom die botsende manlikheids- en vaderskapskonsepte en gepaardgaande houdings teenoor diegene wat as die Ander gesien word uit 'n komplekse reeks gewese en bestaande dominante fiksies wat teruggevoer kan word tot die ontwikkeling van Nederland aanvanklik tot handels- en later tot volwaardige koloniale moondheid. Nederland het binne die bestek van sewe jaar (1940 tot 1947) verval van die derde grootste koloniale moondheid tot 'n klein verarmde landjie aan die Noordsee wat agtereenvolgens die onderspit moes delf teen Duitsland, Japan en die Indonesiese onafhanklikheidsbeweging. Gedurende die 1950's moes Nederland hom herposisioneer en heropbou tot 'n klein Europese moondheid wat probeer het om sy vernederings en verliese so gou moontlik te vergeet.

## Hegemoniese manlikheid en narratiewe identiteit

Opmerklik is die rol wat manlikheid by sowel die seun as die Vader in die verhaal speel. In die geval van *Indische duinen* is dit die vader se persoonlike narratiewe identiteit en die gewese dominante fiksie waaraan hy probeer vasklou wat sterk nadruk lê op 'n bepaalde vorm van blank-Westerse, uiters militaristiese, heroïese en fisiese manlikheid wat binne die Nederlandse militêr-koloniale opset tydens die eerste helfte van die twintigste eeu sterk hegemonies was. Vir die vader en die wêreld waarin hy grootgeword het, het daar eenvoudig geen ander moontlikheid bestaan nie. Roger Scruton (1996: 232) wys op Gramsci se konsep van so 'n *hegemonie* waarvolgens 'n oorheersende klas of groep nie net ekonomies dominant is nie, maar ook sosiaal, kultureel, polities en ideologies 'n oorheersende rol vervul. Die gebeure in *Indische duinen* word sterk bepaal deur botsende opvattinge oor manlikheid: die vader konfronteer die seun omdat die seun nie, in sy terme, manlik genoeg is nie. Op sy beurt verlang die seun daarna om op sy eie voorwaardes deur sowel sy vader as die dorpelinge as “man” aanvaar te word. Die konflik tussen die vader en die seun kom dus minstens gedeeltelik voort uit die botsing tussen 'n uitgediende koloniaal-hegemoniese manlikheid wat onlosmaaklik verbind is met die narratiewe identiteit van die vader en die onmiddellike naoorlogse hegemoniese manlikheid van Nederland wat deur Righart (1995: 79) beskryf word as 'n atmosfeer van “zuinigheid, tucht en hard werken”. Die seun word groot binne 'n heel ander naoorlogse hegemoniese manlikheid waarin hy en sy vader moet oorleef.

'n Verdere probleem vir die posisie van die vader en sy verhouding tot sy seun is dat daar binne die Nederlandse koloniale en postkoloniale geskiedenis verskillende vorme van dominante manlikheid onderskei kan word wat binne die historiese konteks in Nederland en sy kolonies op verskillende stadiums hegemonies was. Hegemoniese manlikheid binne die koloniale situasie het dikwels sterk verskil van die dominante manlikheid binne Nederland self. By 'n konflik tussen histories veranderende opvattinge van manlikheid binne die koloniale situasie, binne die Nederlandse burgery en binne die kleindorpse Nederland (waarin Justin 2 en sy seun woon) en waar daar verder nog 'n groot verskil bestaan tussen persoonlike narratiewe identiteit en die dominante fiksie kan dit duidelik tot uiterste vervreemding, trauma en konflik lei.

## Agtergrond tot die historiese trauma van die vader in *Indische duinen*

Vanaf so vroeg as 1595 (die eerste Nederlandse handelsekspedisie na Java) het daar 'n onderskeid ontstaan tussen die manlikheidsopvattinge van “stoere” Nederlandse koloniale vente en fatsoenlike, Calvinistiese, en betersweterige

“mijnheren” wat in Nederland uit hulle Indische belange profyt getrek het en later ’n liberale en skynbaar verdraagsame reputasie kon opbou sonder om hulle hande vuil te maak en deur Multatuli in *Max Havelaar* (1970) as die berugte Batavus Droogstoppel gesatiriseer is. Sowel die Nederlandse burgerlik-Calvinistiese as die Nederlands-koloniale kultuur was op verskillende maniere hegemonomies manlik. Opmerklik is dat daar gedurende die negentiende eeu ’n beduidende verskuiwing met betrekking tot ras ingetree het.

Die fatsoenlike Calvinistiese eienaars, direkteure en burokrate was van die begin af afhanklik van die ruwe vente wat skepe beman, die koloniale stryd gevoer, en plantasies bestuur het. Aanvanklik was daar egter heelwat verdraagsaamheid teenoor gemengde verhoudinge en het daar in die kolonies ’n beduidende en invloedryke gemengde bevolking (*Indo's of Indo-Europeane*) ontstaan. Na 1820 het die situasie verander. Ann Laura Stoler (1992), Edy Seriese (1995), Peter van Zonneveld (1995) en ander toon aan hoe ’n sisteem van uiterste koloniale uitbuiting ontwikkel is om die voortbestaan van die, na die Napoleontiese oorloë sterk verarmde Nederlandse staat, te verseker en in die laat negentiende eeu en vroeë twintigste eeu gelei het tot die opkoms van ’n sterk Nederlandse middestand. Deel van hierdie proses was die stelselmatige marginalisering van veral die gemengde *Indo*-bevolking. Dit het gepaard gegaan met die groei van wat Edward Said orientalisme (die vereksotisering en feminisering van die Ooste) sou noem wat die opkoms van koloniale rassisme kon regverdig. In sowel Nederland as die kolonies het blanke mans hulle eksploitasie van die plaaslike bevolking geregverdig in terme van hulle rasonele, beskawende rol. In die kolonies is dit gekombineer met die ou beeld van die stoere vent wat nou as soldaat en plantasiebestuurder sy wil op die sogenaamde verwyfde, lui en eksotiese bevolking moes afdwing sonder om self daardeur besmet te word. Hierdie proses het ten koste van die gemengde bevolking, die *Indo's of Indo-Europeane*, plaasgevind wat hulle skielik in ’n sterk gemarginaliseerde posisie bevind het.

Ann Laura Stoler (1992: 323) merk op dat ’n toename in minder gegoede blankes en die toelating van blanke vroue tot kolonies byna oral ter wêreld tot ’n toename in rassisme en diskriminasie gelei het. Die bewussyn van die aanwesigheid van nedominante blankes (armes en vroue) het beteken dat blankwees minder vanselfsprekend as rasoneel, hardwerkend, dominant en suksesvol aanvaar kon word. Dit was dus nodig om deur middel van rassisme en diskriminasie die dominasie van Europese manlikheid, veral teenoor die gemengde bevolking (die *Indo's*) te bekragtig. Waar gemengde verhoudings vroeër aangemoedig is en dit om hoofsaaklik ekonomiese redes gedurende die negentiende en twintigste eeu tog voortgeduur het, was sulke verhoudings in terme van die dominante koloniale fiksie van na 1820 veel minder aanvaarbaar. Volgens Edy Seriese (1995: 58) is daar binne die raamwerk van die dominante fiksie deur blanke Nederlanders die volgende eienskappe aan Indovroue toegeedig: “exotisch

geheimzinnig, mooi en verleidelijk, maar daarom gevaarlijk en ongeschikt voor het huwelijk”. Indomans, ten spyte van die prestasies van baie van die binne-landse Indogesinne en hulle rol as dikwels getroue en dapper soldate in die KNIL, is verder voorgestel as “[...] indolent, beleefd en bescheiden, of juist broeierig aggressief” en “[...] nagenoeg waardeloos dus voor de dynamische wereld van opbouw en harde werkers die de kolonie tot bloei moesten brengen” (Serieuse, 1995: 58). Dit behoort dus nie as verbasend beskou te word dat Justin 2 en sy familie, ten spyte van tekens van gemengde afkoms, in die roman sterk aanspraak op suiwer blankheid (95, 236, 237) maak nie. Die proses van marginalisering en die invloed daarvan op koloniale verhoudings word vollediger bespreek in ’n ongepubliseerde MA-skripsie (Dubbeld, 2004: 24-30).

Vir Justin 2 was hierdie kombinasie van Westers-manlike rassistiese koloniale waardes die basis van sy bestaan, sy narratiewe identiteit wat die pyn en vernedering wat hy as kind, as soldaat en as krygsgevangene moes verduur, regverdig. Hierdie narratiewe identiteit, opgebou uit gewese dominante fiksies oor Nederlandsheid; status in koloniale, militêre, rasse- en klasseterme; en gedeeltelik uitgediende Westerse hegemoniese beskawingsopvattinge wat vir hom so belangrik is dat hy dit ten alle koste aan sy jong seun wil oordra. In *Indische duinen* word hierdie jong seun die ouer verteller wat ses-en-dertig jaar na die dood van sy vader daartoe gedryf word om dit alles te begryp.

In die geval van landverhuising of immigrasie (soos in *Indische duinen*) is daar dikwels sprake van enorme verskille tussen die narratiewe identiteit van die migrant en die dominante fiksie van die omringende gemeenskap. In *Indische duinen* is die situasie soveel desperater omdat die land en gemeenskap waarin hierdie narratiewe identiteit ontstaan het, nie meer bestaan nie. In *Indische duinen* word die omringende gemeenskap baie sterk as die dreigende Ander ervaar en wend die vader buitengewoon sterk pogings aan om sy eie tradisionele bemagtigende narratiewe identiteit, aan sy kinders, en veral aan sy seun, oor te dra. By die verteller lei dit tot sterk problematiese identiteitsvorming aangesien hy aanvanklik sy bes probeer om sy vader se narratiewe identiteit te internaliseer terwyl daar op skool en in die dorp van hom verwag word om hom by die dominante fiksie van die omringende gemeenskap aan te pas. Wat dit vir die seun nog moeiliker maak, is dat sy vader se geïdealiseerde identiteit in terme van ’n spesifieke soort koloniale, militaristiese manlikheid aan hom voorgestel word, en dit dus ook deur manlike attribute soos paraatheid, weerbaarheid en stryd gehandhaaf en verdedig moet word. Die beeld van ’n stryder of soldaat, met sy bereidwilligheid om sy identiteit met geweld te verdedig, is so belangrik vir die vader dat dit, tesame met die bedreigde gewese dominante fiksie, aan die seun opgedra moet word.

Die vader konfronteer die seun omdat die seun nie, in sy terme, manlik genoeg is nie. Op sy beurt verlang die seun daarna om op sy eie voorwaardes deur sowel sy vader as die dorpelinge as “man” aanvaar te word.

## Die seun se soektog na sy vader

In *Indische duinen* kom die seun as middeljarige daartoe om die werklikheid van sy verhouding met sy vader en dié se dood in oënskou te neem. In Van Dis se novelle *Nathan Sid* (1983), speel die vader ook ’n belangrike rol, maar daar is nie werklik sprake van ’n ernstige besinning oor die konflik tussen vader en seun nie. Tog gaan dit in *Indische duinen* duidelik om dieselfde persoon as in *Nathan Sid*: indirek word na die naam Nathan verwys en gesinsverhoudinge en -omstandighede in *Nathan Sid* is identies aan dié van die hoofkarakter in *Indische duinen*.

Volgens Jaap Goedegebuure (1994: 74) lê die sleutel tot die verhoudingsprobleem in *Indische duinen* tog in *Nathan Sid*. Nathan se aanvanklike reaksie op die dood van sy vader aan die einde van die boek is een van verligting: “Hij wilde zijn strenge vader helemaal niet zien. Stiekem dacht hij hoe fijn het was een halve wees te zijn” (68).

Hy kry berou en skuldgevoelens as sy ma hom vertel van hoe sleg sy grootouers sy pa behandel het. Hy probeer kompenseer, maar dit loop uit op ’n proses van ontkenning en ’n terugvlug na ’n kinderliker, veiliger situasie in die slotparagraaf:

Nathan had spijt van zijn halve-wees-fantasieën. Nu hield hij echt van zijn vader, al was het alleen maar omdat zijn zusters Pa Sid haatten. Ook zou hij hem voortaan verdedigen tegenover zijn vriendjes uit het duin, want die lachten hem vaak uit omdat hij ze als sergeant toeblofte. Zou hij later ook zo worden? Hoe vaak had zijn moeder niet gezegd dat hij een aardje naar zijn vaartje had. Nathan was driftig en sloeg net als Pa Sid alles kapot. Nathan was gulzig, kon zich nooit beheersen, wilde niet sparen en het duurste was hem niet goed genoeg. Nathan moest nu het goede voorbeeld geven. Maar hoe dan zonder om op zijn vader te lijken? Nathan wilde niet verder alleen op de wereld. Het liefst bleef hij klein en kroop hij voor altijd weg onder zijn moeders jurk. Bij dat witte, waar het was zoals achter zijn gesloten wimpers, een veilige wereld waarin hij niets fout kon doen (68).

Dit is duidelik dat die seun aan die einde van *Nathan Sid* moeite het om sy vader op ’n positiewe manier te objektiveer: die vader word, as hy sterf, nie deel van die seun se positiewe identifiserende narratief nie. Deels weens die negatiewe vergelykings wat sy moeder maak, neig hy tot ’n negatiewe identifikasie met sy vader: sy eie slegte humeur en sy gulsigheid sien hy as komende van sy vader en hy is bang dat sy gebrek aan spaarsaamheid ’n refleksie van die vader se span-dabelrigheid is. Weens hierdie gemengde gevoelens en sy onvermoë om die situasie van sy vader positief te objektiveer, kan die vader op daardie stadium nie



'n positiewe identifikasiebron vir die jong seun word nie; die vader word nie die seun se held nie. In plaas daarvan vind daar in Freudiaanse terme 'n regressie plaas waardeur die seun terugkeer na 'n gevoelsreaksie teenoor die vader en hy probeer ontvlug na die geslote beskermende wêreld van die moeder.

*Indische duinen* werp meer lig op die problematiese situasie van die seun met betrekking tot die konflik tussen enersyds die Nederlandse hegemoniese manlikheid waaraan hy op skool en in die dorp blootgestel word en andersyds die werklikheid van sy vader. In terme van die kleindorpse Nederlands-Calvinistiese hegemoniese manlikheid het sy vader geen status nie; sy persoonlike narratiewe identiteit en sy lewenswyse is vreemd aan die dominante fiksie van hierdie gemeenskap en dus hoort hy, en tot 'n groot mate ook sy seun en die res van die gesin, nie hier tuis nie. Ironies genoeg is dit juis met die dood van die vader dat die seun in 'n mate die vader tot 'n trotse voorbeeld kan verhef en so 'n poging kan aanwend om 'n plek binne die dominante fiksie te vind: "Mijn vader zat thuis zonder baan, er was anders weinig om over hem op te scheppen, dood kon ik eindelijk over hem opscheppen" (131).

In 'n bepaalde opsig bring die dood van die vader in Freudiaanse terme (net soos die moord op die vader in Freud se *Totem and Taboo*) 'n einde aan die onderdrukking van die seun deur "a violent and jealous father" (Freud, 1990: 202-203). In teenstelling tot die bekende Freudiaanse scenario loop dit vir die verteller as kind nie uit op 'n identifikasie met die gestorwe vader nie. Behalwe dat die vader besonder gewelddadig teenoor hom was, pas die vader se narratiewe identiteit en lewenswyse nie in by die narratiewe identiteit wat die seun nodig het om by sy tyd en die gemeenskap aan te pas nie. Aan die een kant veg die seun hard om lojaal te bly teenoor sy vader. Hy probeer om trots te wees op sy vader en hierdie trots te formuleer in terme wat vir sy medeskoliere aanvaarbaar is deur gebruik te maak van die omstandighede wat tot die vader se dood gelei het: "Daar stond ik op het speelplein, een kring van jongens om me heen en ik vertelde over de dappere dood van mijn vader" (130).

Die verteller neem selfs indirek die rol van sy vader oor:

Ik speelde mijn vader [...]. Eindelijk een wond die hij durfde te tonen, beter dan het wild vlees op zijn rug, dit was een trotse wond, een onderscheiding bijna, belangrijker dan zijn medailles (131).

Die verteller probeer dus direk voordeel te trek en aanvaarding te vind in terme van bemagtiging binne sy Nederlandse portuurgroep uit 'n aangepaste identifikasie met sy vader: "Ik was de held van het speelplein, een doorboord hart, daar had zelfs de grootste opschepper niet van terug" (131).

Die probleem is dat die dood van sy vader juis in terme van die mediese omstandighede juis nie heroïes was nie en dat dit dus 'n valse identifikasie is:

Alleen, ik sprak niet helemaal de waarheid, hij was al een jaar geleden geopereerd zijn hart klopte weer prima. De kou kreeg hem te pakken. Mijn vader stierf aan de A-griep (131).

Die ironie is natuurlik dat “het wild vlees op zijn rug” en “zijn medailles” (131) in ander omstandighede juis wel simbole sou kon wees van die heroïes-manlike prestasies van die vader. Die voormalige koloniale hegemoniese manlikheid wat van hierdie “wild vlees op zijn rug” en “medailles” van die vader ’n held sou maak, het egter in die Nederland waarin die seun grootword ’n gemarginaliseerde manlikheid geword waarin selfs die uiters haglike en onmenslike kampervaringe in die voormalige Nederlands-Indië getrivialiseer word:

“Ach, jullie kolonialeen hebben het lang zo erg niet gehad, lastig hoor, een paar jaar zonder baboe, maar toch altijd mooi weer en aan elke boom groeide een banaan” (135).

Die na-oorlogse Nederland wil die koloniale oorlog en sy soldate liefs vergeet:

Nederland had het te druk met de wederopbouw, wilde van verre helden niets weten ... Het was genoeg geweest, er waren genoeg zonen geofferd. Wie daar ooit vocht had verloren en kon er maar beter over zwijgen (199).

Die stryd om die kolonies word binne die konteks van die opkomende postkoloniale waardestelsel as moreel verfoeilik beskou:

In zijn tweede jaar in Nederland nam hij mijn drie zusters mee naar de kermis [...] de opgeschoten jongens riepen ‘blauwe’ tegen hen. Ze lachten erom [...] Maar ze moesten niet lachen toen die jongens mijn vader voor plopper-moordenaar uitscholden, dat woord kende ze alle vier: *pelopor*, een inlander die zich tegen het Hollandse gezag verzette (199).

Die vader kon na sy dood nie aan die seun ’n aanvaarbare identifikasiemodel bied nie. Sy byna onmenslik wrede metodes om ’n man van sy seun te maak, is binne die Nederland waarin die seun moet leef betekenisloos. ’n Moontlike uitweg vir die seun is om terug te probeer keer na die beskermende wêreld van die moeder. Hierdie beskermende wêreld bestaan egter nie: die moeder is deur haar eie *Indische* ervaringe te getraumatiseer om aan die seun veel beskerming te bied. In enige konfliktsituasie is sy moeder geneig om haar te onttrek (154). Die *Indische* traumatisering van die moeder en die marginalisering van haar *Indische* ervaringe binne die Nederlandse dominante fiksie lei daartoe dat sy, na die dood van die vader, uit haar pad gaan om die vader se *Indische* wêreld te onderdruk. Onbedoeld word die jong seun hierdeur ook ontnem van ’n deel van sy eie narratiewe identiteit: “Met mijn vader stierf ook Indië in huis. Mijn moeder wilde er niet meer aan herinnerd worden... Het was welletjes. Indië lag achter haar” (159).

Tog probeer die verteller kort na die dood van sy vader hom met ’n deel van sy vader se konsep van manlikheid identifiseer: die soort manlikheid wat in die

roman deur middel van die woord “vent” geassosieer word met sy oordrewe taatheid, militêre manlikheid en onverdraagsaamheid teenoor bepaalde emosies. Dit beteken dat as, na die dood van sy vader, mense hulle simpatie teenoor hom betuig, hy voel dat hy aan sy vader se eis van manlikheid moet bly voldoen (ten spyte van die feit dat hy nog maar net ’n tienjarige seun is):

Iedereen die ik op straat tegenkwam condoleerde me, en ik moest er elke keer verschrikkelijk bij huilen, niet omdat ik verdrietig was over de dood van mijn vader, maar omdat ik niet tegen hun medelijden kon. Ze gaven me de kans niet een man te zijn, ik wilde een vent zijn, een vent zonder tranen (112).

As hierdie strategie om ’n “vent” te word, nie werk nie, probeer hy in navolging van sy moeder doelbewus om hom van sy vader se nagedagtenis te distansieer. As hy ’n paar jaar na sy vader se dood puberteit bereik, word die situasie egter problematies: hy het sy oorlede vader as identifikasiefiguur verwerp en as lewende persoon is sy vader nie daar om aan hom enige leiding te gee nie:

[...] toen mijn baard opkwam, wist ik niet meer hoe ik het mes moest vasthouden. Het was de eerste keer dat ik mijn vader miste, zo ’n zes jaar na zijn dood. Er was geen man in huis om mij mannendingen te leren. Nog weet ik niet goed naar welke kant je een lamp of een schroef losdraait, de gebruiksaanwijzing van electrisch apparatuur drijft me tot wanhoop (131).

Tydens sy puberteit kan die res van sy gesin hom ook nie help nie, daar is geen toeganklike mansfigure nie en boonop bly sy moeder afstandelik terwyl sy susters hulle eie lewens begin lei. Verder bly die gesin se *Indische* en kampervaringe vir hom vreemd.

Weens hierdie regressie en sy onvermoë om ’n narratiewe identiteit wat sy vader en sy vader se wêreld, as held en model insluit, op te bou, kry ons hier ’n geval van wat Rutherford (1992: 143) “the failure of paternal love” (en dus die mislukking van die simboliese wêreld en die narratiewe identiteit van die vader) en die gepaardgaande “longing for a good father” noem. Onder hierdie omstandighede bly daar vir hom geen ander keuse as om hom te probeer losmaak van die mislukte identifikasiefiguur wat nie aan hom “a sense of destiny and becoming” (Rutherford, 1992: 143) kon gee nie. Tydens sy studentejare kies hy vir ’n totale breuk met sy vader: hy aanvaar die nooiensvan van sy moeder en verwerp die geleentheid om sy vader se familienaam aan te neem. Sy bron van identifikasie word die naam van die moeder in plaas van die naam van die vader:

[...] zodra ik ging studeren, koos ik voor mijn moeders meisjesnaam. Ik wilde niet meer aan die man herinnerd worden en aangezien hij toch nooit met mijn moeder was getrouwd, had ik daar het volste recht toe. Ik dacht hem zo voorgoed uit mijn leven te schrappen. Bovendien was het geslacht van mijn moeder veel ouder. Behalve bastaard ben ik ook een snob (149-150).

Hiermee ontken hy ook 'n gedeelte van homself. Deur enige vorm van identifikasie met sy vader en dié se wêreld te weier, verloor hy 'n gedeelte van sy kapasiteit om as volledige mens tot onafhanklikheid en volwassenheid te groei. Hierdie poging om te ontkom aan die eensaamheid, die “alleen op de wereld” (68) wees, wat identifikasie met sy vader se gemarginaliseerde manlikheid sou meebring, beteken dat dié deel van sy bestaan waarby sy vader betrokke was in 'n staat van ongeobjektiveerde onvolwassenheid bly wat in gevoelens van haat en sinisme, eerder as in woorde, uitgedruk word:

Ik dacht dat ik hem goed in bedwang had, vastgestampt onder zoden van cynisme, [...]. Jaren was mijn haat een houvast, alles wat ik deed of naliet kwam voort uit verzet tegen mijn vader (132).

Tot en met die dood van sy tweede halfsuster, Ada, het hy hierdie afstand tussen hom en sy *Indische* agtergrond, sy familie, en daarmee sy herinnering aan sy vader, gehandhaaf. Hy verklaar dat hy sy vader “goed in bedwang” gehad het, dat sy herinnering aan sy vader “vastgestampt [was] onder zoden van cynisme” en “dat hy weigerde verder over hem na te denken” (132). Hy kan egter nie aan sy vader bly ontsnap nie, want “met de jaren merkte ik dat ik meer eigenschappen van hem had dan ik leuk vond” (132).

Die probleem is volgens Rutherford dat die afwesigheid, in sielkundige terme, van minstens 'n konsep van die goeie liefhebbende vaderfiguur met wie 'n seun kan identifiseer, en die onvermoë van die moeder om aan die seun se behoefte aan liefde en identifikasie te voldoen, die seun se wêreld omskep in 'n “very narrow, often insecure place in which to live” (Rutherford, 1992: 172). Dit laat die seun met 'n verborge onderliggende verlange na 'n liefhebbende vaderfiguur en die “expectation of his potential presence” (Rutherford, 1992: 143) wat hom uiteindelik dwing tot 'n proses van vertelde herontdekking van die vader.

## Die herontdekking van die vader

Die grootste gedeelte van die roman dek hierdie proses van herontdekking van die vader en die hervertelling van die verhouding tussen die vader en die seun. In die vier maande vanaf die dood van sy middelste halfsuster Ada tot by die dood van sy oudste halfsuster Jana in Kanada herleef die verteller sy ervaringe as kind met sy vader en probeer hy die onderliggende redes vir sy vader se gedrag ontdek. Hierdie soektog bring hom op die spoor van die belewenise van sy vader. Die verteller merk op dat sy eie herinneringe egter sterk deur sy pyn en emosies gekleur is:

Ze zeggen dat pijn geen geheugen heeft. Toch voelde ik wandelend door de straten van mijn oude dorp de stuiters steken. Het was geen herinnering maar pure gewaarwording. Hysterische verbeelding. Urenlang, daar kon geen zandloper tegenop (287).

Die pyn is egter nie tevergeefs nie, Doeschka Meijsing (1994: 107) noem dat:

*Indische duinen* [gaat] over de haat-liefde verhouding tussen de vader en de zoon, waarbij de haat het in de herinnering lijkt te winnen. Tegelijkertijd is de roman een liefdesverklaring aan de vader, omdat diens geschiedenis eindelijk eens wordt opgeschreven.

Die gebeure rondom die dood van Ada en die aanwesigheid van Aram, Ada se tienerseun, bring sy eie herinneringe terug. Onwillekeurig identifiseer hy homself met Aram, veral omdat Aram se vader 'n volkome ontoereikende vaderfiguur blyk te wees en Ada, weens haar man se swak gesondheid en sy ontoereikendheid, die grootste deel van die gesins- en opvoedingsverantwoordelikhede op haar skouers gedra het. Soos daar by die verteller “geen man in huis” was om hom “mannen-dingen” (131) te leer nie, so het Aram niemand by wie hy bepaalde dinge kon leer nie: “Zijn sukkel-vader bood geen enkel voorbeeld” (132). Die verteller kry hiermee, deur Aram se verlies, 'n volwasse perspektief op sy eie verlies en rou. Hierdie volwasse blik op Aram se situasie bied aan die verteller die moontlikheid tot 'n ander perspektief op sy eie verhouding met sy vader.

Op Ada se begrafnis word hy gekonfronteer deur 'n ou dame, tante Nikki, wat saam met sy moeder in 'n Japannese kamp was. Sy sien onmiddellik die fisiese ooreenkoms tussen hom en sy vader raak en konfronteer hom met sy negatiewe houding teenoor sy vader. Sy beweer dat daar, ten spyte van sy huidige houding, tog 'n liefdesband tussen hom en sy vader bestaan het. Sy daag hom uit om te probeer om die goeie sy van sy vader te herontdek en ook homself in sy vader te sien. Hy kry die ongemaklike gevoel dat daar meer in sy vader en dié se houding tot hom steek as wat hy wil erken. Aanvanklik, omdat hy 'n lewe opgebou het sonder identifikasie met sy vader, wil hy nie sy vader herontdek of begryp nie: “Sinds Ada's dood rijpte voor het eerst een vaag begrip en juist dat maakte mij zo kwaad, ik wilde de man die me elf jaar had vernederd niet begrijpen” (132). Hy kan egter nie meer aan sy verlede ontsnap nie en dit word vir hom 'n obsessie. Sy identifikasie met Aram en die woorde van tante Nikki het in terme van Rutherford (1992: 143) 'n “expectation of [...] potential presence” van sy vader in hom wakker gemaak en hy word daartoe gedryf om sy verhouding met sy vader direk in oënskou te neem.

Totdat hy erken dat daar 'n disjunksie in sy lewe was wat beperkinge op sy ontwikkeling en groei as volwassene geplaas het en nog steeds plaas, kan hy nie op die vlak van woorde en vertellings met sy denkbeeld van sy vader omgaan nie. Hy begin homself afvra of sy emosionele probleme met vaste menseverhoudings en sy onredelike woede buie nie teruggevoer kan word tot hierdie probleem nie.

Die probleem is dat die vroeë dood van sy vader, die vader se karakter en die gemeenskap waarin hy grootgeword het, saamgewerk het om dit vir die verteller moontlik te maak om aan die band met sy vader te ontsnap: hy kan op gevoels-

vlak op die herinneringe aan sy vader reageer, maar dit nie verwoord nie. Ons het dus te doen met dit wat Christopher Bollas (aangehaal deur Rutherford, 1992: 96) “the failure of linguistic representation” noem wat hy karakteriseer as “the unthought known”: ’n wete wat op ’n basiese vlak bestaan maar nie deurdink kan word nie. Die verteller het sy koloniale vader ervaar, hy voel pyn en besitlikheid, maar kan sy ervaring en gevoel nie beredeneer of oorvertel nie. Hy sit vas in ’n preverbale mislukking van kommunikasie (Rutherford, 1992: 96) wat teruggaan na sy keuse vir ’n veilige emosionele band met sy moeder na die dood van sy vader (68) waarin hy as kind ontvlug het om die problematiese implikasies van ’n vertelde vader te vermy. Inderdaad sou dit, as gevolg van sy jeug en sy oormaat aan angs en vrees, tesame met die versweë traumatiese omstandighede van die gesin, feitlik onmoontlik gewees het om oor te gaan tot so ’n vertelde konfrontasie. Die gevolg is inderdaad ’n “diskontinuiteit van die self” (Burger, 2003: 161) te wyte aan die onvertelde gedeelte van sy lewe wat ontgin moet word. Hy is op hierdie stadium nie in staat “[o]m te verstaan wie [hy] is” (Burger, 2003: 161) nie omdat hy nie deur vertelling betekenis in dié deel van sy lewe kan skep nie.

Binne die Nederlandse gemeenskap van die 1950’s was daar ’n verdere probleem wat in die pad gestaan het van so ’n koherente narratiewe identiteit. In die heropbouende en sosiaal-demokratiserende Nederland van die vyftiger-, sestiger- en sewentigerjare was die dominante diskoers nie ontvanklik vir die trauma van dekolonisasie nie. Die *Indische* ervarings van die repatriante en hulle kinders het buite die dominante fiksie gestaan wat die Nederlanders besig was om vir hulleself op te bou, hulle ervarings is geïgnoreer en hulle was wanaangepas. Binne skoolverband is hierdie kinders geïdentifiseer as persone wie se persoonlike narratiewe identiteit vreemd was aan die dominante fiksie en wat dus nie beantwoord aan die norme van die samelewing nie. In die woorde van die karakter Els Groeneweg in *Indische duinen* (189):

Onze ervaring telde niet mee op school, we werden als domkoppen behandeld en waren verschrikkelijk achterop geraakt. Ik was de oudste van de klas, maar ook de kleinste, na tweeënhalf jaar kamp even klein als toen ik erin ging, geen centimeter gegroeid.

Hierdie kinders was gewoon aan ’n meer tradisionele magstruktuur, en hulle het gebuk gegaan onder ’n hele aantal onverwerkte traumatiese gebeurtenisse:

En brutaal die Hollandse kinderen! Wij koloniaaltjes waren gewend tegen de leraren op te kijken. Maar wat hadden mijn klasgenoten nou meegemaakt? Grote mond over de moffen[...]. Ik had gezien hoe mensen elkaar martelden, en hoe gemeen kampgenoten onder elkaar konden zijn. Liegen stelen en bedriegen en na de oorlog in Palembang zag ik gestenigde lijken [...] rijen langs de rivier. Geen woord erover in de klas natuurlijk, je keek wel uit.

Verder is hulle gekonfronteer met die opkoms van sterk linksgesinde en anti-koloniale sentimente wat van elke repatriant uit die kolonies outomaties 'n uitbouter en 'n onderdrukker gemaak het:

Sommige lerare was heel rood en die hulle het ontzettend die pik op kindere uit Indië, se treiterde ons met verhalere over luie koloniale, se waren onderdrukkere, uitbouter (189).

Die tyd waarin die verteller en sy halvesusters grootgeword het, was 'n tyd van swye en van, volgens Edy Serie, (1995: 61, 62), die “vermomming [van *Indische mense*], als Nederlandere”. Hoogs traumatiese oorlogservaringe is doelbewus gemarginaliseer en ontken. Dié ervaringe moes eerder vergeet as vertel word. Volgens Serie (1995: 62) was dit eers “[e]rgens in die jare '80”, die tyd waarin Adriaan van Dis sy loopbaan as skrywer begin, dat die tweede generasie vree begin stel het oor “waarom se hier lag, en waarom só.”

Rutherford (1992: 11) noem dat Raymond Williams praat oor die opkoms van nuwe maatskaplike groepe en kulturele identiteitsvorme en dat hierdie nuwe vorme eers uitdrukking moet vind in wat hy “*oppositional artistic practice*” noem. Eers in die 1980's en 1990's het dit vir repatriante uit die voormalige Nederlands-Indië en hulle nageslag moontlik geword om uitdrukking te gee aan hulle ervaringe. Hierdeur word *Indische duine* inderdaad so 'n opposisionele kuns-uitdrukking. Die roman vertel dié dinge wat tussen die 1950's en die 1980's nie vertel kon word nie. Sodra hierdie daad van vertelling moontlik word, word dit duidelik dat dinge nie so eenvoudig was nie en dat daar ook ander, minder voor die hand liggende, slagoffers van die kolonialisme en die daaropvolgende dekolonisasie was.

Vir die verteller in *Indische duine* is die probleem dat alles waarna hy soek en wat hy moet herontdek en vertel tot ses-en-dertig (die dood van sy vader), ses-en-veertig (sy jeugjare met sy vader) en selfs ses-en-sestig jaar (toe sy vader tien jaar oud was) in die verlede lê. Sy eie herinneringe, die herinneringe van sy vader se tydgenote en van sy gesins- en familieledere is onbetroubaar. Daarby kom die bewussyn van die neiging by sowel sy vader destyds as sy moeder en ander karakters tot oordrywing, ontkenning, verwatering en selfs blatante leuens: “Mijn vader zegt dat ik nooit mag liegen, hij liegt elke dag” (195).

Hierdie stand van sake wys op die dilemma van die tweede generasie, dit wil sê die kindere van die Nederlands-Indiese repatriante. Soos Pamela Pattynama (2003: 276, 277) opmerk, het die lede van die tweede generasie weliswaar 'n identiteit verwerf wat verbonde is aan 'n *Indische* verlede, maar dié identiteit is nie gebaseer op direkte en persoonlike ervaringe nie. Die identiteit wat die tweede generasie verwerf het, is in werklikheid 'n bewustelik narratiewe skepping van die verbeelding onder die invloed van “half verzwegen familieverhalere en historio-grafie”.

## Die vader as medeslagoffer

Sodra die verteller sy vader begin herontdek, word dit duidelik dat die vader, Justin, in der waarheid, net soos die seun, 'n slagoffer was. Ook die vader is blootgestel aan traumatiese gesins- en jeugervaringe waarvoor hy moeilik woorde sou kon vind:

[...] het gruwelike verleden van de vader bepaalt ook de verhouding tot de zoon. Die wordt met wrede en harde hand opgevoed – hij krijgt alle dagen slaag – en ten slotte komt hij ertoe de haat tegenover zijn gestorven vader uit te spreken (Meijsing, 1994: 107).

Die verhoudingsprobleme binne die familie in *Indische duinen* hou direk verband met die aard en geskiedenis van Nederlandse koloniale en postkoloniale manlikheid. Die vader, die gesin waarin die vader gebore is, die Nederlandse koloniale ryk, die Japanse besetting, en uiteindelik die postkoloniale Nederland waarheen die gesin gerepatriceer is, was onderhewig aan verskillende vorme van patriargale en hegemoniese manlikheid. Daarby kom dan ook die verskillende uitdrukkings van dominante fiksies wat die verhoudinge tussen vader en seun en hulle integrasie by die gemeenskap bepaal het, sowel as die historiese trauma wat hierdie integrasiepatrone versteur het en tot die ontmagtiging van veral die vader gelei het. In die woorde van Doeschka Meijsing was die vader:

een man die trouw Nederland en Oranje heeft gediend in het leger en in Nederlands-Indië, in de oorlog flink heeft moeten boeten – en eenmaal in Nederland aangekomen nergens verhaal vindt voor zijn ontberingen, behalve dan misschien bij zijn enige kleine zoon (Meijsing, 1994: 107).

Justin se geskiedenis is dié van:

de geïsoleerde positie van een oud-Indischman die, geknakt door de nieterkenning van zijn loyaliteit aan het Nederlands gezag, die zijn dagen in steeds groter wordende drift in een Hollands dorp slijt (Meijsing, 1994: 107).

Hierdie “drift” van Justin, sy koloniale, manlikheids- en vaderskapsopvattinge en die botsing tussen hierdie opvattinge en die nuwe Nederlandse hegemoniese manlikheid was in 'n groot mate verantwoordelik vir die probleme wat tussen hom en sy seun ontstaan het.

## Die vader se problematiese simboolvorming

Die vader se traumatiese verlede kan, soos in die geval van die verteller, teruggevoer word na sy tiende lewensjaar met die selfmoord van die man wat Justin as sy vader beskou het. Terselfdertyd blyk dit dat, as gevolg van die owerspelige optrede van sy moeder, hierdie man waarskynlik nie sy biologiese vader was nie. Vervolgens was daar 'n omvattende reeks ontberings wat Justin die



hoof moes bied: sy moeder het hom en die ander kinders in 'n weeshuis geplaas om ongesteurd die geld wat sy van haar gestorwe man gekry het, te spandeer; Justin moes etlike vernederings gedurende sy militêre loopbaan verduur (waardeur hy onder andere sy hare permanent verloor het); daar was verder die verlies van sy persoonlike besittings toe die skip waarop hy deur die Japanners vervoer is, getorpedeer is; sy dwangarbeid aan 'n spoorweg in Sumatra; sy mishandeling deur die Japanners; sy volkome verlies aan mag, status en gesondheid in Nederland; die onsimpatieke houding van die Nederlandse owerhede wat hy altyd getrou gedien het; en sy onvermoë om by die Nederlandse samelewing van die 1950's aan te pas.

Al hierdie faktore het sistematies Justin se waardes en simbole beproef. Hy moes voortdurend hierdie waardes en simbole aanpas en aan verdere rasionalisering onderwerp. Dit is daarom nie verbasend dat voortdurende weerbaarheid en paraatheid, en die besonder streng vereistes wat hy daardeur aan homself en aan sy seun sou stel, die dryfveer geword het in die opvoeding van sy seun nie.

Justin 2, die vader in *Indische duinen*, kon aanvanklik sy pynlike ervaringe aanvaarbaar maak deur hulle deel te maak van die koloniale dominante fiksie en hulle daardeur simbolies te besweer. Die belofte van 'n militêre loopbaan wat binne die dominante diskoers roem, eer en status aan hom sou besorg, is uiteindelik uitgewis deur die pyn van sy vernederende ervaringe in die leër. Sy lyding in die kampe kon hy rasionaliseer deur sy geloof in die positiewe sy van die kolonialisme en die Westerse beskawing. Uiteindelik blyk al hierdie pynlike en vernederende gesins-, militêre, oorlogs- en kampervaringe egter hulle waarde en integriteit te verloor as gevolg van die ontkragting van die voorheen dominante fiksie. Uiteindelik bly daar vir hom slegs 'n jong seun oor deur wie hy moet probeer om sy hoop en ideale te verwesenlik en daardeur sin aan sy eie lewe te gee. Die gevolg is dat die seun spesiale aandag kry sodat hy byvoorbeeld al kan lees en skryf voordat hy skool toe gaan.

Die seun moet sterk en weerbaar gemaak word omdat daar in die oë van die vader altyd die bedreiging van, onder andere, die kommunisme oor die Westerse beskawing hang. Die seun moet deur lyfstraf gesuiwer word van "Indische luiheid en slordigheid, [...] een zwak karakter en verkeerde Hollandse invloeden" (Sars, 1996: 18). Die vader is persoonlik verswak en verneder maar desperaat dat sy seun iets sal bly handhaaf van dit wat hy as belangrik ag, in die vorm van 'n fiksie van (blanke) suiwerheid, Westerse beskawing en manlike fisieke weerbaarheid. Met hierdie fiksie staan die vader diep in die tradisie van die beskawing-simbole en die gepaardgaande manlikheid wat die hele Nederlandse vorm van die Westerse beskawing en die Nederlandse kolonialisme van meet af moes regverdig. Dit is navrant dat hoewel die vader in terme van sy seun se behoeftes die mislukking van betekenisvorming en identifikasie verteenwoordig, dit duidelik

blyk dat die vader juis wel probeer het om aan sy seun, in die woorde Rutherford (1992: 143), “a sense of destiny and becoming” te gee.

Die mislukking van die vader se strewe om betekenis aan sy seun se lewe te gee, kom juis voort uit sy konsep van manlikheid en vaderskap. Hierdie konsep, en die vader se gepaardgaande narratiewe identiteit, kon in die vyftiger- en ses-tigerjare van die twintigste eeu geen aanklank meer in Nederland vind nie (Righart, 1995: 74-107 en 114-244). Tog was hierdie opvattinge oorspronklik deel van die hele Nederlandse beskawingsprojek en die gepaardgaande Nederlandse dominante fiksie.

## Bemagtiging en ontmagtiging

Justin is nie bloot ’n onbemagtigde slagoffer nie. Ten spyte van die voortdurende aanslag op sy waardes is daar by hom persoonlike talente, eienskappe en ambisies aanwesig wat hom op ’n konstruktiewe manier bemagtig. Hierdie eienskappe sluit in: sy byna aristokratiese styl en bewussyn van sy aantreklike fisieke voorkoms; sy gewilligheid om hard te werk en baie te verdra ter wille van sy loopbaan en sy moontlike offisersopleiding; sy tekentalent; sy vertel talent en sy kookkuns. In *Indische duinen* verteenwoordig al hierdie eienskappe die niegewelddadige sy van Justin se manlikheid waardeur hy op bepaalde stadiums homself bemagtig. Dit help hom egter nie veel in sy verhouding met sy seun nie aangesien die seun as gevolg van bepaalde gebeure vir die grootste deel van sy lewe die vader as ’n onredelike gewelddadige eerder as ’n kreatiewe tekenaar of verteller kan sien.

Justin se byna aristokratiese sin vir styl en sy goeie maniere is ’n enorme bemagtigende faktor in Palembang waar hy saam met ander op repatriasie wag. Die feit dat hy deur sy mooi klere, sy netheid en sy goeie maniere bo die ander mans uitstaan, lei tot die aandag van die meisies en sy verhouding met Lea en die geboorte van die verteller, hulle seun.

Die verteller herken sommige van sy vader se eienskappe in homself, maar verwerp hulle by die vader omdat dit vir hom niks meer as ’n vertoning van die vader se uiterste selfsugtigheid onder die gesin se baie moeilike geldelike omstandighede verteenwoordig nie. Vir hom was sy vader die man wat: “mijn moeders geld over de balk smeet, zich kleepte as een fat en nooit geen donder uitvoerde, verwend koloniaal kreng dat hij was” (96). Ook sy aristokratiese sin vir styl is uiteindelik kragteloos: dit klassifiseer die vader as ’n koloniale parasiet in die oë van sy seun en die dorpenaars wat in terme van hulle dominante fiksie (Righart, 1995: 79-85) goeie Nederlanders was wat deur spaarsaamheid, soberheid, fatsoenlikheid en harde werk besig was om die land te herbou.

Naas sy vertel talent was Justin se tekentalent een van sy mees bemagtigende vermoëns. Sy tekentalent maak dit vir hom moontlik om gedurende sy militêre opleiding sy ouerlike gesin te betrek deur met “tekeningen thuis, landschappen

van Soerabaja” (245) tuis te kom. Na sy gevangeneeming deur die Japanners word dit vir hom ’n manier om vir homself en vir sy oorlogskamerade bepaalde voordele van die Japanse wagte en soldate te verkry. Gedurende die wagtyd in Palembang was dit waarskynlik sy tekentalent wat dit vir hom moontlik gemaak het om mooi en netjiese klere en skoene te verkry (243). Tog word sy tekentalent nie deur sy seun gewaardeer of nagevolg nie.

Laastens was daar Justin se verteltalent waardeur hy gedeeltelik die pynlike herinneringe aan sy traumatiese belewenisse tydens sy opleiding en tydens die Japanse besetting kon besweer deur hulle op ’n lewendige en humoristiese wyse te hervertel. Daarmee stimuleer hy ook die vertel- en rolspeeltalent van sy seun. Teenoor Edmee herhaal die verteller in die selfironiserende styl van sy vader (246-251) die vernederende verhaal van hoe sy vader in die leër sy hare verloor het. Dit is duidelik dat Justin die verhaal op so ’n manier herhaaldelik moes vertel het om die herinnering aan die vernedering daarvan te besweer.

Tussen bladsy 206 en 209 hervertel die seun sy vader se verhaal oor sy oorlewing van die torpedering van die Joyo Maru met 2 300 krygsgevangenes en 4 200 Indonesiese “vrywillige werkers” aan boord waarvan die 850 oorlewende krygsgevangenes en 200 oorlewende “vrywilligers” uiteindelik onder haglike en onmenslike omstandighede aan die Pakan Baru spoorlyn moes werk (212). In die verhaal vind ons heldemoed, ridderlikheid, pyn en vernedering en selfs humor, maar dit word so vertel dat die pyn en vernedering amper ’n bysaak word en die humor gebruik word om die pyn te verberg.

Baie van die positiewe eienskappe van die vader word in sy eie oë onttrag deur die skaamte wat hy voel omdat hy die ellende oorleef het terwyl so baie van sy vriende moes sterf. Dit is iets wat die seun as kind nie kan begryp nie. As volwassene besef die verteller egter iets van die skaamte wat sy vader moes ervaar het vir sy geluk om te kon oorleef (201). Justin was ook om hierdie rede nie in staat om ten volle oor sy eie vernedering, lyding en mishandeling te praat nie.

Sodra die seun daarvoor begin nadink, word sy vader se verteltalent die aanknopingspunt waardeur hy sy vader se verhaal kan vertel en daardeur tot versoening met hom kan kom. Deur die herontdekking en vertelde herskepping van Justin se ontberinge en vernedering ontwikkel hy ’n begrip vir sy vader. Hierdeur ontdek hy ook sy vader se positiewe eienskappe.

Justin se positiewe bemagtigingseienskappe was die konstruktiewe en nie-gewelddadige aspek van sy vermoëns. Hulle het aan hom werklike moontlikhede tot positiewe bemagtiging gebied. Tog wend Justin hom dikwels eerder tot geweld omdat die gebeurtenisse in sy lewe sy positiewe vermoëns in ’n groot mate onttrag het. Oor die verlies aan sy waardigheid en sy vermoë om iets te bereik, verklaar die verteller:

Pas nu drong het tot me door dat je alles kwijt was, [...] je bezat niets meer om te ruilen en je kon niemand met je tekeningen paaien, want je potlood

dobberde ergens in de oseaan. [...] Je had geen klamboe, geen kleren, geen schoenen; je kreeg een lap om je schaamte te bedekken (219-220).

Justin se vermoë om die ellende deur sy verhale te besweer is hom deur die intensiteit van die marteling wat hy ondergaan, ontnem. Hy is vasbeslote om nie aan die pyn toe te gee nie en om dit te doen, moet hy homself losmaak van sowel gevoel as rede: deur te tel in plaas daarvan om te dink of te vertel gaan hy oor tot 'n vorm van selfhipnose waardeur hy aan sy pyn kan ontsnap. Ook word hy gedwing om ter wille van sy oorlewing sy verteltalent te misbruik: "Hij kletste zich met allerlei kwalen de ziekenboeg in, dat heeft hem uiteindelyk ook gered" (224).

Justin se verlies van sy tekenmateriaal, sy vernedering met die verlies van sy klere en sy gedwonge prysgawe van vertelling ten gunste van tel kom neer op simboliese kastrasie. Simboliese kastrasie impliseer die ontnem van manlike krag en vermoë. Justin verloor sy vermoë tot skepping, uitbeelding en vertelling as gevolg van die gewelddadige optrede teenoor hom en die (gewelddadige) torpedering van die skip. Die les is duidelik: verhale en sketse kan hom bemagtig, maar kan deur geweld oorweldig en onttrag word. Die maniere waarop Justin homself op 'n niegewelddadige manier as 'n bemagtigde persoon kan handhaaf, kan hom deur werklike en/of sielkundige geweld en/of deur verwerping ontnem word. Dié boodskap word deur hierdie gebeurtenisse deel van sy hegemonesie manlike identiteit en is dan ook die boodskap wat hy aan sy seun wil oordra.

Die resultaat is dat daar in *Indische duinen* sprake is van 'n byna ongelooflike mate van gewelddadigheid by die vader. Onder andere kry die seun, jonk soos hy is, elke dag slae. Verder bevat die verhaal episodes soos dié waartydens hy sy jong seun valslik beskuldig en hom so hard slaan dat hy sy bewussyn verloor omdat die seun weier om skuld te beken vir 'n daad wat hy nie gepleeg het nie (280) en daar is verder die episode waarin hy die seun se testikels hard en herhaaldelik langs 'n boom skuur omdat die seun bang is om hoër in die boom te klim, sodat hy vir dae lank in die uiterste pyn verkeer. (306).

Uiteindelik kom hierdie pyn en vernedering by die seun ook neer op simboliese kastrasie. Na die dood van sy vader, en in die lig van al hierdie faktore, bly daar vir hom op daardie stadium nie veel meer oor as om hom los te maak van die herinnering aan en identifikasie met die vader nie. Hy is dus op daardie stadium ontnem van die vermoë om sy verhouding met sy vader deur vertelling te objektiveer.

## Slot

Ses-en-dertig jaar na die dood van die vader is daar inderdaad 'n vorm van versoening moontlik. Die Nederland van die volwasse verteller is nie meer die "fatsoenlijke" Nederland van die 1950's nie. Die tyd van "zwijgende ouders" (137) (Serie, 1995: 61, 62); van die "vermomming, als Nederlanders" is verby.

Gedurende die 1980's en 1990's (Serie, 1995: 62) het daar 'n ruimte ontstaan vir groter openheid teenoor die traumatiese nagevolge van dekolonisering. Dit het moontlik geword om te praat oor waarom mense uit die voormalige Nederlands-Indië hulle in Nederland bevind het en waarom hulle destyds so deur die Nederlanders gemarginaliseer is. Verder kan daar sonder angs erkenning verleen word aan hulle hibridiese aard. Gewaarwordings wat voorheen net gevoel kon word, Christopher Bollas se “unthought known” (Rutherford, 1992: 96), kan nou erken, vertel en gekonkretiseer word. Die resultaat vir die verteller is dat hy deur middel van “een fantasievolle evocatie” (Van Zonneveld, 2003: 219-220) waarbinne hy die verhaal van homself en sy vader fiksionaliseer in staat gestel word om vir homself 'n meer volledige narratiewe identiteit op te bou. Juis hierdie fiksionalisering gee erkenning aan 'n vollediger waarheid oor die vader en die seun en die werklikheid van die hele manlik-hegemoniese koloniale projek.

Die vertelling in *Indische duinen* (waaruit dit blyk dat sowel die optrede as die koloniale agtergrond van die vader nog veel brutaler en gewelddadiger was as wat die verteller aanvanklik gedink het) beteken dat die hele geskiedenis van sowel die vader as die seun deur hierdie proses van gefiksionaliseerde hervertelling, geobjektiveer kan word. Objektivering en fiksionalisering lei tot aanvaarding sonder dat die aard van die geweld verdoesel hoef te word. Die familie se ervaringe word deur hierdie proses van vertelling binne die historiese, sosio-ekonomiese en politieke konteks geplaas waardeur dit vir die seun moontlik word om verder te lewe sonder al die emosionele bagasie wat vir hom ondraaglik was. Vir die seun beteken dit dat die las van sy verlede uiteindelik verlig word (310 en 341).

*Universiteit van KwaZulu-Natal*

## Bronnelys

- Althusser, Louis.** 1971. *Lenin and Philosophy and Other Essays*. Londen: NLB.
- Burger, Willie.** 2003. “Bolwerk teen tyd en vergetelheid”: Karel Schoeman se outobiografiese aantekeninge. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 10 (2): 159-171.
- Connell, R.W.** 1995. *Masculinities*. Cambridge: Polity.
- Dubbeld, Gijsbert Cornelis.** 2004. Die vader-seun-verhouding binne 'n postkoloniale konteks: *Indische duinen* van Adriaan van Dis (ongepubliseerde MA-skripsie). Durban: Universiteit van KwaZulu-Natal.
- Freud, Sigmund.** 1990 (1985). *The Origins of Religion: Totem and Taboo, Moses and Monotheism and other Works*. Penguin Freud Library, Volume 13. Londen: Penguin.
- Freud, Sigmund.** 1991 (1977). *On Sexuality. Three Essays on the Theory of Sexuality and other Works*. Penguin Freud Library, Volume 7. Londen: Penguin.

- Goedegebuure, Jaap.** 1994. Wajangspel in de kou. *HP/DeTijd*, 30 September.
- Lacan, Jacques.** 1977 (1966). *Écrits. A Selection*. Londen: Tavistock.
- Meijsing, Doeschka** 1994. De drift van de nasleep. *Elsevier*, 1 Oktober.
- Multatuli.** 1970 (1860). *Max Havelaar of de Koffij-veilingen der nederlandsche Handelmaatschappij. Naar het authentieke handschrift uitgegeven en ingeleid door Dr. G. Stuiveling*. Amsterdam: G.A. van Oorschot.
- Pattynama, Pamela.** 2003. Herinnerd Indië: Autobiografiese tekste van Indiese migrantenschrywers. *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans*, 10 (2): 270-286.
- Ricoeur, Paul.** 1992. *Oneself as Another*, vertaal deur Kathleen Blamey. Chicago: Chicago University.
- Ricoeur, Paul.** 1990. *Time and Narrative. Volume 3*. Chicago: University of Chicago.
- Righart, Hans.** 1995. *De eindelose jare zestig. Geschiedenis van een generatieconflict*. Amsterdam: De Arbeiderspers.
- Rutherford, Jonathan.** 1992. *Men's Silences: Predicaments in Masculinity*. Londen & New York: Routledge.
- Sars Paul.** 1996. *Adriaan van Dis: De zandkastelen van je jeugd*. Nijmegen: SUN Kritik.
- Scruton, Roger.** (red.). 1996. *A Dictionary of Political Thought*. Londen: Macmillan.
- Seriese, Edy.** 1995. Poekoel teroes. Indiese Nederlanders vijftig jaar na dato. *BZZLLETIN* 24 (228) September: 53-64.
- Silverman, Kaja.** 1992. *Male Subjectivity at the Margins*. New York & Londen: Routledge.
- Stoler, Ann Laura.** 1992. Rethinking Colonial Categories: European Communities and the Boundaries of Rule. In: Dirks, Nicholas B. (red.). *Colonialism and Culture*. Ann Arbor: University of Michigan, 319-352.
- Van Dis, Adriaan.** 2002 (1994). *Indische duinen*. In: Van Dis, Adriaan. *De Indische boeke: Nathan Sid, Indische duinen, Op oorlogspad in Japan*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Van Dis, Adriaan.** 2002 (1983). *Nathan Sid*. In: Van Dis, Adriaan. *De Indische boeke: Nathan Sid, Indische duinen, Op oorlogspad in Japan*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Van Zonneveld, Peter.** 1995. *Album van Insulinde. Beknopte gesiedenis van de Indisch-Nederlandse literatuur*. Amsterdam: Amsterdam University.
- Van Zonneveld, Peter.** 2003. 'Ik ben de schatbewaarder. Ik ben de fantast.' Gesprek met Adriaan van Dis. *Indische letteren*, Desember: 206-220.
- Visagie, Andries Gerhardus.** 2004. Manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000 (ongepubliseerde proefskrif). Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.